

# DEXTER

20 Julie 2006

Kontakdexter@mailbox.co.za

Jou Eie Koerant

## “TRANSFORMASIE MAAK UP DOOD”



'n Pasma-lid wys sy gevoel teenoor blanke studente by 'n optog laas jaar oor transformasie. Daar word nou gevrees dat die UP-bestuur transformasie oorhaastig en onverantwoordelik deurvoer, en die universiteit gevolglik groot skade ly.

### Tiaan Jordaan

“Ons smoor dood! Met swak en onoordeelkundige regstellende aksie verloor ons skokkend baie kundigheid.” Dit is die bekommerde woorde van 'n UP personeellid, en studente voel oor die algemeen dieselfde. Solidariteit op Tuks het vroeër 'n ernstige waarskuwing gerig dat UP besig is om akademies agteruit te beweeg. “Oorhaastige transformasie maak UP dood. Ons word soos enige ander swak Afrika universiteit.” Een so 'n geval wat baie mense hul koppe laat skud het, was met die aanstelling van die nuwe vise-rector. Nadat die Institusionele Forum met 12 stemme vir prof. Jansen as die gunsteling aangewys het, met prof. Muller met 10 stemme kort op sy hakke, stel die raad toe 'n ene dr. Ogide, 'n swart vrou met baie minder stemme, as vise-

rector aan. Prof. Jansen is 'n nie blank nie, maar dit blyk dat hy as man gepenaliseer is. Dexter het die CV's van die onderskeie kandidate onder oë gehad, en gemeet aan kwalifikasies en ondervinding is dr. Ogide nie naastenby in dieselfde klas as die ander kandidate nie. Studente voel dat UP hierdeur eintlik in standaard verswak. Volgens Francis Uys, leier van Solidariteit op Tuks, kan transformasie wat verkeerd toegepas word groot skade vir die universiteit teweeg bring. Blanke personele voel ook moedeloos, en sien nie enige vorderings geleenthede raak nie. “UP-bestuur is naartiglik besig om transformasie deur te forseer, en dit is tot nadeel van UP se goeie naam.” Daar word wyd getwyfel of UP enigsins nog 'n rolspeler in die toekoms sal kan wees daar waar persone bloot op ras, en nie op grond van kwalifikasies nie, aangestel word.

## IT-Pro BK

*Vir al jou nuwe hardware behoeftes!*

Kry dié Acer skootrekenaar -

Intel Celeron M 1.6, 14.1" WXGA LCD, 256MB RAM, 40GB hardeskyf, DVD Multi Writer, Wireless Lan, 3x USB, PCMCIA, 56K Modem, Windows XP Professional

- vir slegs

R 5 820.00

Skakel Kobus by 072 687 8097

## Redaksioneel

Die tyd vlieg, en ons sit nou al ook in die helfde van 2006. Dinge staan nie stil nie, en op Tuks is daar daagliks net meer prosesse aan die gang om die ou waardes met "nuwe" waardes te vervang. Hierdie "nuwe" waardes is egter niks nuut nie, maar die Afrosentriese toepassing van demokrasie. Dit kom bloot daarop neer dat 'n Afrika styl van regering verantwoordelike en logiese waardes verdring. Reuse bedrae word aan gemors gespandeer, terwyl noodsaaklike infrastruktuur in duie stort. Verder word die minderheid dood verswyg en uitgestoot. Kritici durf nie hul monde oopmaak nie, en die optrede van die ANC moet gelate aanvaar word. Hier op Tuks

sien ons ook hierdie skewe vorm van demokrasie neerslag vind. Die VSR word vervang met 'n stelsel wat deur die UP-bestuur beheer word, en studente inspraak word verminder tot kwessies soos boeke en parkering. Kritiek word nie toegelaat nie, en minderheidsregte word geïgnoreer. Die ANC beleid van gedwonge rasse integrasie en dus rasse wrywing, en slegs engels word meedoënloos op elke student afgefoerseer. Die stryd om die behoud van die gesonde akademiese wese van UP woed, en elke student sal sy stem moet laat hoor. Geniet hierdie Dexter, en lees wat jy nêrens anders sal lees! Geen feite verswyg, onafhanklik, jou eie koerant.

Die Redakteur

## NAMY MENING...

## ANC SE EIE GESKIEDENIS SKRIKWEKKEND

Hoe kom dit dat die ANC die morele bogrond in Suid-Afrika het? Daar word beweer dat die ergste ding wat ooit in Suid-Afrika gebeur het, Apartheid is. Die ANC het gekom as die verlosser om Suid-Afrika van al wat sleg is te bevry. Die bouse magte van apartheid is oorwin deur die rein strewe van die ANC en sy suiwer bedoelings. Of hoe?

Hoe het die ANC aan bewind gekom? Veral na die Tweede Wêreldoorlog het die ANC besef dat swartmense in Suid-Afrika onderdruk word. Toe het hulle mooi besin en presies opgestel wat hulle in Suid-Afrika wil bereik, en hulle plan die "Freedom Charter" bekend gemaak. So het hulle geleidelik met al die swartmense van Suid-Afrika gepraat en hulle oortuig dat die strewe van die ANC reg en suiwer is, en dat dit die moeite werd is om die opofferinge te maak vir die gestelde doelwitte. Was dit so, of miskien nie?

Hoe het Suid-Afrika gelyk so na die Tweede Wêreldoorlog? Soos die res van Afrika het Suid-Afrika ook gesit met die erfenis van die Kolonialiste. In ons geval het ons gesit met die gemors wat die Britse ryk hier agter gelaat het. Die Afrikaners het toe stadig aan begin om die slegte gevolge van die Kolonialisme op te ruim. Veral toe Dr. H.F. Verwoerd Eerste Minister geword het, het daar vordering gekom. Die Afrikaners het, onder sy leiding, besef dat dit verkeerd is vir een volk om oor andere te heers. Daar is ook besef dat dit verkeerd is vir een volk om vir 'n ander volk te besluit hoe hy sy sake moet reël. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is toe geïmplementeer.

Hoe word daar toe tewerk gegaan? Vir die eerste keer in die geskiedenis gaan 'n volk, en gee van die grondgebied waaroor hy beheer het terug aan die ander volkere van die land. Stadig maar seker is die grond wat

deur die Britte van die verskillende volke geneem is aan hulle terug besorg. Vele Afrikaners se plase is onteinen om vir die ander inheemse volke gekonsolideerde gebiede te kan gee.

As dit dan die omstandighede was, hoe het die ANC dan die mense oortuig om teen so 'n stelsel te baklei? Geen redelike mens sou tog wil baklei teen 'n regering wat besig is om aan elke volk sy erfenis terug te besorg nie? Watter argument kan gebruik word om mense te oortuig om teen so 'n bestel in opstand te kom?

Is die antwoord miskien: Geen argument nie? Dit is hoekom die ANC 'n skrikbewind in die Townships moes voer. Dit is hoekom die ANC mense wat nie wou saamwerk nie met die "halsnoermoord"-metode tereggestel het. En hierdie "argument" het gewerk as jy sien hoe iemand 'n buiteband om die nek kry, vol brandstof gegooi word en lewendig aan die brand gestee word, sal jy ook volgende keer eerder saam met die ouens stem wat dit gedoen het.

Die ANC het in sy skrikbewind as massa mense moordenaar en terroriste organisasie meer mense in SA om die lewe gebring as selfs Shaka in die 1830's. Die ANC se sogenaamde "vryheidstryd" was niks anders as 'n menseslagting gelykstaande aan die van Darfoer en Rwanda nie.

Was die regering van daardie tyd dan verkeerd om teen sulke mense op te tree? Nee dit is die plig van 'n regering om sy land se mense teen moordbendes te beskerm.

Dink u die ANC durf van enige ander Suid-Afrikaner verskoning eis?

Ek dink nie so nie, en jy?

**Retroboer**

*Bogemelde is die skrywer se eie mening, en nie noodwendig dié van Dexter nie.*

## Briewe

### Tuks of niks!

Soos elke jaar kom daar eerstejaars na UP met die verwagting dat kampus gaan wemel met mooi meisies.

Hierdie jaar is ook glad nie 'n uitsondering nie!

Soos al die manne op TUKS al weet, het ons Universiteit van die mooiste meisies in die land. Boonop is hulle fluks en intelligent. As 'n mens in die Piazza inkom sit daar altyd mooi meisies besig om huiswerk te doen, of hul geniet net 'n afdydjie.

Nou ja manne, ons weet elke ou het darem 'n dame aan sy sy nodig, so moenie skaam wees en jou Prinses laat weg kom nie. Hulle is ook net mense en kan nie byt nie. As sy wel byt dan weet jy dis nie die Prinses waarna jy soek nie... Wie nie waag nie, wen nie...

**Cobus Pretorius**

### Voel jy veilig op Tuks?

Na 'n lang gesprek ander studente het ek tot die besef gekom dat die kwessie rondom veiligheid op kampus bevraagteken moet word.

Die nuus was die afgelope tyd vol van die sekuriteitswagte se staking waar hul gewelddadig en barbaars optree teenoor mede werkers wat nie aan die staking wou deelneem nie. Tydens die tydperk is daar nie net vele mense ernstig aangerand en vermoor nie, maar daar is ook duisende rande se skade aan geboue en onskuldige mense se eiendom verrig.

Nou vra ek myself af, as 'n sekuriteitswag so ver sal gaan om moord te pleeg net omdat hy ongelukkig is met sy salaris, is ons werklik veilig op kampus?

Moet ons nie eerder dan hul vrees wat veronderstel is om ons te beveilig nie?

**Heinrich Swanepoel**

### Sms stelsel keer misdaad

Ek wil net dankie sê aan UP vir die sms boodskappe wat ons net voor en na afloop van die eksamen ontvang het rakende ons eksamen vakke hul toets datums, lokale, tye en daarna ook die uitslae van die vakke. Al was die sms boodskappe somtyds bietjie laat het dit steeds 'n goeie doel gedien. Die donker massas in die rekenaar laboratoriums is soms intimiderend en skep die ideale geleentheid vir misdaad. Ek was baie beïndruk met die nuwe sisteem en dis 'n riem onder die hart om te weet dat UP sy kriminele een stap voor is.

**Witblits**

*Skryf vir Dexter by kontakdexter @mailbox.co.za*

# UP WIL AFRIKAANS FINAAL UITWIS



**Voornemende studente met opedag voor die GW. Afrikaanse studente voel hul griewe, soos dat UP bestuur massas swart studente vir opedag met busse aangery het, en niks doen om Afrikaanse studente te werf nie, word geïgnoreer.**

## Tiaan Jordaan

“Die Afrikaanse studente op Tuks is niks anders as nie 'n goed georganiseerde minderheid wat ten alle koste geneutraliseer moet word.” Hierdie uitlating van viserektor prof. Chris de Beer is deur 'n vertroulike bron aan Dexter bekend gemaak. Dit is na aanleiding van die herstrukturering van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR). Om hierdie rede het die UP bestuur 'n nuwe VSR grondwet opgestel wat ten doel het om te verseker dat daar nie meer voorsiening vir die verteenwoordiging van die Afrikaanssprekende studente van UP se belange gemaak word nie. Tydens 'n gesamentlike studentevergadering in Mei vanjaar het

studente hierdie voorstel eenparig verwerp. Al die Afrikaanse verenigings op UP het onlangs 'n gesamentlike versoekskrif uitgevaardig waarin hul eis dat die VSR struktuur voorsiening moet maak vir 'n partygebaseerde stelsel. VSR lid van Verenigings en voorsitter van VF+TAS, Ernst Roets, sê dat 'n partygebaseerde VSR struktuur die enigste manier is hoe ons kan verseker dat daar 'n toekoms vir Afrikaans, Christenskap en Hoë Standaard op UP sal wees. Viserektor, prof Chris de Beer, het onlangs in 'n skrywe aan die UP personeel gesê dat Afrikaans, Christenskap en Hoë Standaard 'n eiegerigte politieke agenda is wat geensins in die belang van studente is nie.

## Buiteland se oë op Afrikaner saak

### Corneli de Villiërs

Ondersteuning vir die Afrikaner se saak begin internasionaal groot momentum kry. Dit is veral burgers van Europese lande wat die onderdrukking van Afrikaners begin bevraagteken. Kulturele binding tussen die Afrikaner en Europese volke vind ook al hoe meer plaas. Gedurende Augustus sal daar dan ook 'n groep van ongeveer 15 Vlaamse en Nederlandse studente Pretoria besoek. Die besoek is deel van 'n projek van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging in Nederland, waarby die Vlaams Suid-Afrikaanse Kultuurstigting ook betrokke is. Die projek behels die wedersydse besoek van studente aan die onderskeie lande.

Die Vlaamse volk, wat in die noorde van België woon, is ook al baie jare gewikkel in 'n stryd om onafhanklikheid. So vier die Vlaminge byvoorbeeld as België Vryheidsdag vier, op hul eie “Die fees van die Wanstaat”. Vir die Vlaminge is

Vryheidsdag in België soos wat 27 April vir die Afrikaner is: die dag wat 'n ander volk oor hulle begin heers het.

Die Nasionale Studenteverbond in Vlaandere stuur dan ook die volgende boodskap: “De Vlaming wordt nog steeds beskouwd als een mindere burger in België en de Vlaamse eisen worden beskouwd als negerbaar. Wij geven op 21 Julie een gratis vat om te vieren dat na 175 jaar de Vlaamse cultuur en identiteit nog steeds leeft. Dit ondanks de pogingen van de Belgische regeringen om die uit te roeien. Laten we dan ook drinken op Vlaanderen, de toekomstige Vlaamse onafhanklikheid en het defintief begraven van de Belgische wanstaat. Semper Fidelis! (Bly getrou!)”

Die hoop onder Afrikaners is dat die besoek van die Vlaminge die Afrikaner ook sal aanspoor om, soos in die brief gestel: “Laat ons dan ook drink op ... die toekomstige Afrikaner onafhanklikheid en die definitiewe ondergang van die Suid-Afrikaanse wanstaat.”

## UP Teologie: Menseregte belangriker as Christenskap

Bertus Kruger

“Jesus Christus het nie die reg gehad om te sê dat hy die enigste weg en waarheid is nie.” Dit is wat deesdae in die Teologie fakulteit van UP aan studente geleer word. Talle ongelukkige Christenstudente het gister hul misnoë uitgespreek nadat mnr. Mahlangu, dosent van die vak *Religious Studies*, REL 135, Christene aangeval het deur te vra wie hul die reg gee om te glo dat antiChriste nie ook gered kan word nie. “Ek kan dit nie meer hanteer nie” het 'n damestudent gesê, “dit is 'n direkte aanval op my Christelike geloof!”. UP se blatante onderdrukking van die Christelike geloof kom nou al sedert verlede jaar toe skriflesing en gebed by alle UP funksies verbied is. Tydens sendingweek 2005 het UP amptenare na bewering 'n Christen fisies van die kampus verwyder toe hy verkondig het dat daar geen ewige lewe sonder Jesus kan wees nie. “Die Christelike geloof pas nie meer in by die moderne liberale samelewing van menseregte nie. Daarom kan dit nie meer geduld word nie” het 'n UP amptenaar gesê.


## Meer bier vir studente

CP Oosthuizen

Bier en volksang gaan hand aan hand by die Cantus, 'n eeue-oue Dietse tradisie waar studente bymekaarkom en met bier in die hand saam lieder sing. Hierdie mengsel tussen 'n formele bierfees en 'n aand by Maloney's het homself as 'n groot wenner op Tuks bewys, en studente begin hierdie vereniging in al groter wordende getalle te ondersteun. Volgens Ebert Myburgh, die voorsitter van die Jakaranda Cantus Gilde, is dit juis die trotse tradisies en studente pret wat studente nader trek. “Met die dat die UP-bestuur alle goeie tradisies in die koshuise en ander plekke uitwis, is dit maar net enkele geleenthede soos by 'n Cantus waar jy nog ware studente tradisies beleef.”

Daar word ook vir die laaste semester van die jaar 'n hele paar cantusse beplan. Studente met lus vir studentepret op 'n ou Dietse wyse, kan maar solank die 3de Augustus, 31ste Augustus, 21ste September, 12de Oktober en 25ste Oktober oophou. Vir meer inligting kan Ebert by 082 468 4919 gekontak word. Prosit!

# GAYS KRY WIND VAN VOOR, EN DA VAN AGTER



“Pretoria se meisies is mooi! Mooier as ‘n HOL (boomstomp)” Studente het die gays op Tuks rooi laat sien met hierdie woorde op die graffiti muur. Verskeie advertensies van die Gay vereniging is met woorde soos hierdie vervang.

## Corneli de Villiers

Gays en Lesbians op Tuks kry die wind van voor, maar gaan tog voort met hul vereniging. Die UP kampus was vroeër vanjaar in 'n redelike stryd gewikkel tussen die beoogde Gay vereniging, en studente wat dit teenstaan. En die graffiti muur was waar die harde woorde geval het. Studente het ongemaklik gevoel nadat gay studente 'n advertensie op die graffiti muur gevef het. Die advertensie wou lede werf vir die te stigte Gay vereniging. Die advertensie is verskeie kere doodgevef, en in die proses het heelwat woorde geval rondom vryheid van spraak en assosiasie. Ten spyte van al die teenstand, het die gay studente voort gegaan, en hul vereniging gestig. Tog is baie studente nie tevrede met so 'n vereniging op Tuks nie, met veral groot teenkanting vanuit Christelike gelede.

Volgens Gerhard Kotzé, teologie student, is dit sonde om gay te wees, en bly dit eenvoudig verkeerd, maak nie saak wat die Grondwet daarvoor sê nie. “Maar gays kan ook hulself bekeer, en wegbreek van hul sondige optrede.” Ernst Roets, leier van VF+ op Tuks, sê die gay kultuur is glad nie deel van die Christelike en Afrikaner se lewenswaardes nie. “Afrikaners en Christene sal nooit in so 'n vereniging kan tuis voel nie.” Ernst erken egter dat gays die reg tot vrye assosiasie het, en dat dit gerespekteer moet word. Daar is egter ook enkele studente wat wel die gay en lesbian vereniging ten volle ondersteun. So was die DA lede van die VSR teenwoordig by die stigting van die vereniging, en vind die DA weer die vereniging nie enigsins aanstootlik nie. Die tyd sal egter nog leer hoe suksesvol en gevestig die Gay en Lesbian Vereniging sal wees.

# Misdaadvoos SA ruk ANC in die bek

## Bertus Kruger

Moeg vir al die misdaad het Suid Afrikaners nou begin om self 'n verskil te maak. En hierdie keer skarrel die regering om sy “skyn” beeld van orde in stand te hou. 'n Kapenaar het onlangs 'n webwerf, [www.crimexposouthafrica.co.za](http://www.crimexposouthafrica.co.za) op die been gebring, waarin die ware syfers van misdaad aan die wêreld meegedeel word. Hierdie webwerf maak groot opslae hier en in die buiteland. Verskeie internasionale organisasies begin om met nuwe oë na SA te kyk, en daar word beraam dat reeds 'n duisend voornemende toeriste in die kort bestaan van die webwerf besluit het om nie SA te besoek nie. Intussen het Solidariteit ook 'n webwerf op die been gebring om die misdaad situasie aan te spreek. Met [www.stopdiemoorde.co.za](http://www.stopdiemoorde.co.za) poog Solidariteit om ook so meer druk op die regering te plaas. Dit is veral sinnelose

misdaad, soos plaasaanvalle, wat mense dwars in die krop steek. Volgens TLU SA, 'n landbou organisasie wat na boere se belange omsien, veroorsaak plaasmoorde groot ontwrigting op die platteland. Die groot probleem wat TLU SA met die regering het, is juis die feit dat die ANC nie veel doen om die sinnelose moorde op blanke boere stop te sit nie. Daar is selfs ANC lede wat sê plaasmoorde is 'n goeie ding, want dit jaag die blankes uit die land. Daar word nou ook veiligheids opleiding deur TLU SA aan boere en ander belangstellendes gegee. Hierdie opleidingskursus, wat oor naweke strek, het dit ten doel om almal meer paraat te maak. Studente op Tuks kan ook inskakel, en kan vir Hardus Roux, TLU SA se veiligheids verteenwoordiger op UP, by 0829448133 skakel. Dit wil voorkom of die gewone Suid Afrikaner besef die ANC is hopeloos, en dat eie optrede die enigste antwoord vir die pad vorentoe is.

# Joop se stories...

## Tshwane, ons liewe aapstad

Welkom in die stad van ape. Ons bring graag hulde aan die ontslape Tshwane, 'n koei wat 'n paar eeue terug gras in die Pretoria omgewing gevreet het. Die ANC probeer hard om die beskaafde geskiedenis van ons land uit te wis, en in die proses word somer enige naam wat opduik gebruik om erkende name uit te wis. So is Potgietersrus hernoem na 'n moordenaar wat sy kinders vir aandete geëet het, en Pretoria nou hernoem na 'n koei. Dat die Pretoria omgewing deur Europeërs verlate gevind is toe hul hulself hier gevestig het, is 'n algemene feit. Tog moet iets uit Afrika Pretoria se naam vervang, en so kies die ANC toe, ongelooflik, 'n koei. Na navorsing deur historici en akademici is bevind dat daar nooit 'n “chief” Tshwane was nie, en dat dit eintlik maar net 'n koei was. Wat wel waar is, is dat die apies rivier van die woord “tshwane” afkom, wat aap beteken. Of die koei of die fiktiewe “chief” hulself soos ape gedra het, sal ons nie weet nie. Maar danksy die ANC se onbeholpenheid bly ons nou in 'n stad met 'n stadsvader wat nooit bestaan het nie. Wat wel bestaan is uiters swak diens, infrastruktuur wat in duie stort en misdaad chaos. En daar word selfs oorweeg om Tuks te hernoem na die University of Tshwane. Dink net, ons studeer dan aan die Universiteit van Ape. Om hulself die verleentheid te spaar, poog die ANC toe om met regte “Tshwane” afstammelingen te bewys dat “Tshwane” eintlik bestaan het. Waar hulle skielik ontdek is sal ons nie weet nie, maar hul verhale is heel komies. So vertel een dat chief Tshwane in die 1600's vir sy seuns aangesê het om in alle rigtings te trek, want die Voortrekkers gaan die binneland kom plunder. Wat daar nou eintlik was om te plunder weet ons nie mooi nie. Toe die slim persoon daarop gewys is dat die Voortrekkers eers in 1836 begin trek het, antwoord hy dat daar goeie kommunikasie tussen die kus en die binneland was, en die “plundering” dus voorsien kon word. Mooi, nou kon “Tshwane” dolosse ook lees. Amper so goed soos Zuma. ‘n Ware leier van formaat! Of nie. Die afgelope week is toe ook 'n standbeeld van die fiktiewe Tshwane onthul, 'n figuur wat uitgedink moes word. 'n Paar dae later is die beeld gevandaliseer, so asof 'n boer sy koei 'n brandmerk kom toedien het. Die onakurate beeld, die fiktiewe Tshwane, die koei, die ape en die brandmerk raak nou regtig 'n heel komiese affêre.

**Jankejan**

*Die skrywer se mening is sy eie, en nie noodwendig dié van Dexter nie.*